20. Kerkregtelik

20.1 RAPPORT DEPUTATE VIR DIE TOEPASSING VAN KO ART. 66 (Artt.67, 143)

A. Dr. W.C. Vergeer stel die Rapport.
B. **Besluit:** Die Rapport word verwys na die Kommissie Kerkregtelik 2.
C. Ds. S.A. Cilliers stel die Kommissierapport.

D. RAPPORT

1. Opdrag
Acta Nasionale Sinode 1997:524-525.
Besluit: Kennis geneem.

2. Sake waarvan die Sinode kennis moet neem
2.1 U Deputate is opgeroep om op 19 Junie 1997 saam met Klassis Potchefstroom te vergader ter uitvoering van KO, art. 66.
2.2 Op die vergadering is die volgende besluit met advies en instemming van u Deputate geneem:
2.2.1 *Klassis Potchefstroom het saam met die Deputate van die Nasionale Sinodes op 19 Junie 1997 insake KO, art. 66 vergader. 'n Versoek van Klassis Johannesburg dat hierdie vergadering die kerke tot 'n dag van verootmoediging oproep vanweë die vlaag van misdaad en geweld wat die land teister, is indringend in die lig van KO, art. 66 oorweeg.*
2.2.2 *Hierdie vergadering het besluit om aan die versoek op die volgende wyse uitvoering te gee: Die kerke word opgeroep om Sondag 10 Augustus 1997 as 'n dag van verootmoediging en gebed in die gees van KO, art. 66 in te klee.*
2.2.3 *Die motivering vir hierdie oproep is die bandeloosheid, geweld en misdaad wat in die land vaardig is en waaronder talle gelowiges in die jongsyte tyd diep ly. Alhoewel hierdie dinge gruwelike sondes is, ervaar gelowiges ook daarin die tugtende en beproewende hand van die Here.*
2.2.4 *Die vergadering beklemtoon dat die bedoeling van 'n dag van verootmoediging en gebed volgens KO, art. 66 verootmoediging en skuldbelydenis voor God is vanweë sy tugtiging wat in die nood ervaar word. Dit is nie in die eerste plek bedoel as 'n bede om uitkoms uit die nood nie.*
2.2.5 *Die vergadering beklemtoon dat kerke behalwe die roeping tot verootmoediging voor die Here, ook die voortdurende opdrag het om die owerheid te wys op sy Godgegewe taak en verantwoordelikheid om wet en orde te handhaaf. Tegelyk word die verantwoordelikheid en rekenskap van die owerheid "om die kwaaddoeners te straf en die deugsames te beskerm"* (NGB, art. 36) *onverswak gehandhaaf.*
2.2.6 *Hierdie oproep word in die media bekendgestel en alle kerk wat hulle met die gees van hierdie oproep kan vereenselwig, word gevra om met ons hierin te deel.*
2.3 Die Korresponderende Kerkraad (Potchefstroom) word benoem om praktiese uitvoering aan hierdie besluite te gee. Die Klassis Potchefstroom het reeds 'n omvattende studiestuk opgestel waarin riglyne gestel word om aansoek ingevolge KO, art.66 op 'n meer eenvormige en vaste basis te hanteer. Die riglyne is deur die Administratiewe Buro aan al die kerk gestuur.
Besluit: Kennis geneem.

3. Aanbeveling
3.1 Die Sinode wys weer twee Deputate met sekundi aan.
Besluit: Goedgekeur.

20.2 RAPPORT DEPUTATE VIR REGSAANGELEENTHEDE (Artt.66, 170)

A. Prof. A. le R. du Plooy stel die Rapport.
B. **Besluit:** Die Rapport word verwys na Kommissie Kerkregtelik 2.
C. Ds. J.E. Franck stel die Kommissierapport.

D. RAPPORT

1. Opdrag
Acta 1997:525, 924 en 945.
Besluit: Kennis geneem.

2. Sake waarvan die Sinode moet kennis neem
2.1 Die Deputate is deur onderstaande instansies om advies genader:
2.1.1 Sinodale Deputate Diakonale Sake
2.1.2 Kuratorium TSP
2.1.3 Die Deputate korrrespondensie met Sentrale en Streeksowerhede
2.1.4 Gereformeerde Kerk Komatipoort
2.1.5 Gereformeerde Kerk Bloemfontein-Noord
2.1.6 GKSA Predikante Pensioenfonds
2.1.7 Gereformeerde Kerk Pretoria-Oos
2.1.8 Die Administratiewe Buro
2.1.9 Deputate Nuwe Psalm en Skrifberymings
2.1.10 Gereformeerde Kerk KwaNdebele met werkspermit van ds. W van't Spijker
2.2 Aangesien die inhoud van die adviese vir die aandag van bogenoemde instansies bedoel was, is daar geen sake of aangeleenthede in hierdie verband waaroor die Sinode besluite hoef te neem nie.
2.3 Die Deputate het voortdurende en indringende pogings aangewend om die verkoop van die Hammanskraalse eiendomme afgehandel te kry. Tot op datum (November 1999) is die proses nog onafgehandel as gevolg van onbegryplike vertragings by die partye wat die eiendomme van die GKSA gekoop het. Hierbenewens is die okkupeerders 'n uitstaande bedrag aan huurgeld (R132 000) aan die GKSA verskuldig. U Deputate gee steeds hieraan aandag.
2.3.1 Die aangeleentheid van die nie nakoming van kontrakte en betaling van huurgeld word tans deur die Deputate Regsaangeleenthede en prokureurs gehanteer.
2.4 Die Deputate het op 'n redelike laat stadium "ontdek" dat daar nog 'n besondere opdrag aan ons gegee is (Acta 1997:924). Die opdrag handel veral oor die moontlike implikasies van die nuwe arbeidswetgewing op die diensverhouding van predikante en professore. Ons maak enkele opmerkings hieroor:
2.4.1 Die feit dat ds. C.J. Malan (van Pretoria-Oos) hom op die Arbeidshof beroep het in die lig van sy beroepbaarstelling in terme van KO, art. 11, het twee besondere aspekte na vore gebring:
Eerstens het die Deputate die Kerkraad van advies bedien oor hulle optrede en reaksie teenoor die prokureurs van ds. Malan
Tweedens het dit die Deputate in staat gestel om die optrede/beslissing van die Arbeidshof af te wag. Hierdie saak is in Oktober 1999 geskik.
2.4.2 Die Deputate het onder die besef gekom – nie net as gevolg van bogenoemde saak nie, maar ook as gevolg van ander uitsprake deur die Arbeidshof, asook in die lig van soortgelyke sake in Nederland – dat die saak rakende die regsposisie van 'n predikant/professor geensins eenvoudig is nie.
2.4.3 Die Deputate is dus nou besig met 'n studie oor die aangeleentheid en is nog nie gereed om volledig hieroor te adviseer nie.
Besluit: Kennis geneem.

3. Sake waaroor die Sinode moet besluit

3.1 Die Sinode bedank die professionele lede van die Deputate vir die diens wat aan die Kerke gelewer word.

3.2 Die Sinode benoem weer Deputate vir Regsaangeleenthede met die volgende opdragte:

3.2.1 Om Kerke en Deputategroepe van die GKSA in dringende en noodsaaklike gevalle van regsadvies te bedien.

3.2.2 Die nuwe Deputate word versoek om in die lig van punt 2.3 van die Rapport in die saak oor die Hammanskraalse eiendomme so gou moontlik te probeer afhandel.

3.2.3 Die Deputate word versoek om in die lig van punt 2.4 van die Rapport in die opdrag van Sinode 1997:924 af te handel. Die Deputate word versoek om sodra die advies gereed is, dit in oorleg met die Administratiewe Buro vir die aandag van al die Kerke en Kuratorium te stuur.

3.2.4 Die Deputate moet Kerke wat om hulp nader, daarop wys dat professionele regshulp nie sonder kostes aangevra kan word nie.

3.3 Tot tyd en wyl die antwoord van die Deputate ontvang word ten opsigte van 2.4 van die Rapport word kerke in die algemeen geadviseer om nou reeds nougeset die betrokke Kerkordelike bepalings oor die verhouding tussen predikante en hulle kerkrade (asook tussen die professore en die Kuratorium) toe te pas.

Besluit: Goedgekeur.

20.3 RAPPORT DEPUTATE VIR DIE HERINDELING VAN DIE PARTIKULIERE SINODES (Artt.42, 229)

A. Ds. C.A. Jansen stel die Rapport.

B. **Besluit:** Die Rapport word verwys na Kommissie Kerkregtelik 2.

C. Ds. R.L. Vorster stel die Kommissierapport.

D. RAPPORT

1. Sake waarvan die Sinode kennis moet neem

1.1 *Opdrag*: Acta:540, 3.8-3.18.

1.1.1 Die Deputate moet alle relevante materie van Sinodes 1991, 1994 en 1997 hanteer.

1.1.2 Om ‘n herindeling van Partikuliere Sinodes met ‘n moontlike herverdeling van Klassisgrense saam te doen.

1.1.3 Die Sinode versoek eersvolgende Partikuliere Sinodes om elk twee Deputate aan te wys om die indeling te behartig.

1.1.4 Die benoemde Deputate vergader so spoedig moontlik na die eersvolgende Partikuliere Sinodes met die Partikuliere Sinode Oos-Transvaal as sameroeper.

1.1.5 Die Rapport van die Deputate se werk word voor die Partikuliere Sinodes van 1998 en 1999 vir kommentaar voorgelê.

1.1.6 Die Deputate maak aanbevelings oor die hoeveelheid Kuratore per heringedeelde Partikuliere Sinode.

1.1.7 Die Deputate maak aanbevelings oor die afvaardiging van die heringedeelde Partikuliere Sinodes.

1.1.8 Die Deputate maak ook aanbevelings indien daar Klassisgrense verander word.

1.1.9 Die Deputate moet skakeling hou met die Deputate Korrespondensie met ander Nasionale Sinodes.

Besluit: Kennis geneem.

1.2 *Werkswyse*

1.2.1 Alle aangewese Deputate het op 18 Mei 1998 te Potchefstroom vergader.

1.2.2 ‘n Eerste Rapport is na die Deputate Korrespondensie vir elke Partikuliere Sinode gestuur vir kommentaar. Kommentaar is ontvang vanaf Partikuliere Sinode Noord-Transvaal, Wes-Transvaal, Oos-Transvaal en OVS en Natal.

1.2.3 Die Voorsitter, ds. L.H. van Schaik, en skriba, ds. C.A. Jansen, het op 12 Oktober 1999 te Potchefstroom vergader om die kommentaar te verwerk en ‘n tweede Rapport vir kommentaar aan die Partikuliere Sinodes voor te lê.

1.2.4 Kommentaar is van al die Partikuliere Sinodes ontvang.

1.2.5 Die Voorsitter en skriba het weer op 2 Desember 1999 te Potchefstroom vergader om die kommentaar te verwerk.

1.2.6 Die volgende Partikuliere Sinodes stem in met die tweede Rapport: Noord-Transvaal, Oos-Transvaal, Wes-Transvaal, OVS en Natal en Namibië.

1.2.7 Partikuliere Sinode Noordwes het versoek dat Klassis Griekwaland-Wes inskakel by die voorgestelde Partikuliere Sinode nommer 3 (kyk Bylae 1).
Motivering vir die versoek sluit in die huidige bedieningshulp vanuit Klassisse Griekwaland-Wes en Vryburg in Namibië en Botswana (kyk Ongepubliseerde Bylae).

1.2.8 Die versoek het die volgende implikasies:

1.2.8.1 Voorgestelde Partikuliere Sinode 2 (kyk Bylae 1) bestaan uit Klassisse in die Oos- en Weskaap

1.2.8.2 Een Klassis in voorgestelde Partikuliere Sinode 3 word ingevoeg by voorgestelde Partikuliere Sinode 4 om sover moontlik ‘n getallebalans te probeer handhaaf.

1.2.8.3 ‘n Presiese balans blyk nie moontlik te wees nie.

1.2.9 Suidelike Partikuliere Sinode stel in die kommentaar voor dat:

1.2.9.1 Die Partikuliere Sinodes nie meer as afsonderlike meerdere vergaderings voortgaan nie.

1.2.9.2 Eksaminering van Teologiese kandidate deur die Klassisse geskied.

1.2.9.3 Die Sinode oorweeg om die frekwensie van die Nasionale Sinode te verhoog na een keer in twee jaar (kyk Ongepubliseerde Bylae).

1.2.9.4 Die Deputate kan nie die versoek oorweeg nie aangesien dit nie deel van hulle opdrag vorm nie.

1.2.10 Partikuliere Sinodes Oos-Transvaal en Noordwes versoek dat die implimentering in 2003 geskied.
Motivering: Kuratore is reeds aangewys, ramings is vasgestel en Deputate het opdragte wat uitgevoer moet word.

Besluit: Kennis geneem.

2. Sake waaroor die Sinode moet besluit

Die Deputate beveel aan:

2.1 Die voorgestelde indeling wat deur meerderheid Partikuliere Sinodes goedgekeur is, met die oproep van Partikuliere Sinodes in 2002 in werking tree.
Motivering:

2.1.1 Kuratore is reeds vir hierdie termyn volgens die ou indeling benoem

2.1.2 Ramings vir die Partikuliere Sinodes is reeds bereken volgens huidige getalle

2.1.3 Die Korresponderende en Roepende Kerkrade is reeds aangewys.

Besluit: Kennis geneem.

PART SINODE 1

Klassis:

Natal	12
Suid-Vrystaat	17
Ventersburg	12
Ladybrand	11

K-NATAL + VRYSTAAT

4	TOTAAL	52

PART. SINODE 2

Klassis:

Boland	14
Middelburg KP	11
Burgersdorp	13

OOS, WESKAAP

3	TOTAAL	38

PART SINODE 3

Klassis:

Etosha	14

Klassis:

Vryburg	9
Wolmaransstad	9
Griekwaland-Wes	9
Potchefstroom	10

NOORD-WES + NAMIBIë NOORD-KAAP

5	TOTAAL	50

PART SINODE 4

Klassis:

Rustenburg ?	14
Translimpopo	3
Soutpansberg	12
Waterberg	8

NOORD-WES + NOORD

4	TOTAAL	37

PART SINODE 5

Klassis:

Brakpan	12
Middelburg	8
Lydenburg	9
Piet Retief	12

GAUTENG + MPUMALANGA

4	**TOTAAL**	**41**

PART SINODE 6

Klassis:

Die Moot	9
Noordelike Pta	9
Pretoria-Sentraal	7
Suidelke Pta	10

GAUTENG

4	TOTAAL	35

PART SINODE 7		
Klassis:		
Germiston		9
Johannesburg		12
Krugersdorp		15
Vaalrivier		11
GAUTENG		
4	TOTAAL	47

AFVAARDIGING NA NASIONALE SINODE
15 Predikante 15 Ouderlinge per Part. Sinode
KURATORE 2 per Part. Sinode

3. Bevindings

3.1 Die Sinode neem kennis dat Klassisse Reddersburg en Fauresmith saamgevoeg is om Klassis "Suid-Vrystaat" te vorm (17 Kerke).

3.2 Met die afgelope sitting (1999) van Part. Sinode Namibië, is besluit dat Klassisse Nossob en Etosha saamgevoeg word om Klassis "Etosha" te vorm, bestaande uit 14 Kerke.

3.3 Die Sinode neem kennis dat Klassis Vryburg uit 8 Kerke bestaan, omdat die Gereformeerde Kerk Swartruggens vanaf Klassis Vryburg na Klassis Rustenburg verskuif het.

3.4 Die Sinode neem kennis dat volgens die Tweede Rapport van die Deputate wat gedurende 1999 by die Part. Sinodes gedien het, is aanvaar dat Klassis Potchefstroom by voorgestelde Part. Sinode 3 gevoeg word.

3.5 U Kommissie het ook die volgende sake as belangrik beskou in sy oorweging:

3.5.1 Die geografiese ligging van die verskeie Klassisse.

3.5.2 Die gawes en vermoëns in Klassisse (bv. finansies, met die oog op sustentasie), om sodoende 'n lewensvatbare Part. Sinode te vorm. Provinsiale grense kan dus nie volledig in ag geneem word nie.

Besluit: Kennis geneem.

4. Aanbevelings

Met die oog op die voorgestelde indeling van die Deputate Rapport word die volgende aanbevelings gemaak:

4.1 Part. Sinode 1

Die Deputate se indeling word goedgekeur, met 3.1 hierbo inaggenome.
Die Part. Sinode bestaan uit Klassisse Natal, Suid-Vrystaat, Ventersburg en Ladybrand (52 Kerke).

4.2 Part. Sinode 2

Die Deputate se indeling word onveranderd goedgekeur.
Die Part. Sinode bestaan uit Klassisse Boland, Middelburg (KP) en Burgersdorp (38 Kerke).

4.3 Part. Sinode 3

Die Deputate se indeling word gewysig met 3.4 hierbo inaggenome.
Die Part. Sinode bestaan uit Klassisse Etosha, Griekwaland-Wes, Vryburg, Wolmaransstad en Potchefstroom (50 Kerke).

4.4 Part. Sinode 4

Die Deputate se indeling word goedgekeur, met 3.4 hierbo inaggenome.
Die Part. Sinode bestaan uit Klassisse Rustenburg, Translimpopo en Waterberg (37 Kerke).

4.5 Part. Sinode 5

Die Deputate se indeling word goedgekeur.

Die Part. Sinode bestaan uit Klassisse Brakpan, Middelburg, Lydenburg en Piet Retief (41 Kerke).

4.6 Part. Sinode 6

Die Deputate se indeling word goedgekeur.

Die Part. Sinode bestaan uit Klassisse Die Moot, Noordelike Pretoria, Pretoria-Sentraal en Suidelike Pretoria (35 Kerke).

4.7 Part. Sinode 7

Die Deputate se indeling word goedgekeur.

Die Part. Sinode bestaan uit Klassisse Germiston, Johannesburg, Krugersdorp en Vaalrivier (47 Kerke).

4.8 Benoeming van Kuratore

Elke Part. Sinode benoem 2 Kuratore vir die TSP.

4.9 Afvaardiging na Nasionale Sinode

Soos voorgestel deur die Deputate: 15 predikante en 15 ouderlinge per Part. Sinode (KO, art. 50).

4.10 Die verskillende Klassisse wat saamgevoeg word, kies self 'n naam vir hulle Part. Sinode.

4.11 Nuwe Deputate

Die Sinode wys weer Deputate aan.

Opdrag: Om oor die implementering van bogenoemde indeling te adviseer en te koördineer tot en met 2002.

Besluit: Punt 4 word in sy geheel goedgekeur.

20.4 BESKRYWINGSPUNT PARTIKULIERE SINODE OOS-TRANSVAAL OOR KO, ARTT. 31 EN 86 VIR DIE GEMEENAKKOORD IN DIE KERKVERBAND (Artt.68, 245, 246)

A. Ds. L.H. van Schaik stel die Beskrywingspunt.
B. **Besluit:** Die Beskrywingspunt word verwys na die Kommissie Kerkregtelik 1.
C. Ds. R.M. van der Merwe stel die Kommissierapport.

D. BESKRYWINGSPUNT

Kerke word in die huidige tydsgewrig opnuut gewys op die implikasies wat KO, artt. 31 en 86 vir die gemeenakkoord in die kerkverband het, veral by die bindende krag van Sinodebesluite (vgl. Acta 1985:560). Die instemming met die Openlike Verklaring by meerdere vergaderings noodsaak hierdie vergaderings om kerke wat Sinodebesluite negeer, ernstig te vermaan.

Besluit: Kyk vir gesamentlike besluit van 20.4, 20.5 en 20.6 onder 20.6.

20.5 BESKRYWINGSPUNT PARTIKULIERE SINODE OVS EN NATAL OOR ONDERLINGE AFSPRAAK (KO, ARTT. 31, 32 EN 86) (Artt.68, 245, 246)

A. Ds. W. Vogel stel die Beskrywingspunt.
B. **Besluit:** Die Beskrywingspunt word verwys na die Kommissie Kerkregtelik 1.
C. Ds. R.M. van der Merwe stel die Kommissierapport.

D. BESKRYWINGSPUNT

Die Nasionale Sinode, via Part Sinode OVS en Natal, neem met verontrusting kennis van 'n aantal kerke in die verband van die GKSA wat in een of meer opsigte die onderlinge onderneming, afspraak of

ooreenkoms (KO, artt. 31, 86) tussen kerke, waarop die kerkverband rus, nie meer volledig eerbiedig, respekteer en handhaaf nie.

In die belang van die handhawing, voortsetting en gesonde funksionering van die kerkverband, word die Nasionale Sinode versoek, om:

1. Sodanige optrede af te keur.
2. Kerke broederlik op te skerp om hulle onderlinge onderneming, afspraak en ooreenkoms met ander kerke in die kerkverband te eerbiedig en uit te leef.
3. Kerke broederlik aan te moedig om met mekaar die weg van Matt 18 te volg waar afgewyk word van die gemeenakkoord.
4. Klassisse op te skerp om deurlopend, o.a. by wyse van visitasie en KO, artikel 41:
   - Toe te sien dat Kerke in hulle ressort, hulle onderlinge onderneming met ander Kerke in die kerkverband getrou eerbiedig
   - Op mekaar ag te gee volgens die weg van Matt 18.

Motivering

1. Verskillende interpretasies van Sinodebesluite tot by die ignorering van Sinodebesluite, skaad die vertrouensbasis van die gemeenakkoord.
2. Wanneer ‘n bepaalde kerk hom skuldig maak aan die verbreking van die gemeenakkoord, raak dit nie slegs die paar kerke in sy onmiddellike omgewing nie, maar alle kerke in die kerkverband.

3. Motivering by 1 en 2
   - Matt 5:37
   - Ondertekeningsformuliere: Professore, Bedienaars van die Woord, Proponente, Ouderlinge en Diakens
   - Formulier vir die Aflegging van geloofsbelydenis
   - Kerkorde, artt. 31 en 86
   - Kredensiebrief en Openlike Verklaring

4. Motivering by 3
   - Matt 18

5. Motivering by 4
   - KO, artt. 41 en 44
   - Acta 1955:185, 4 (kyk ook Acta 1939:42-43; Acta 1945:175; Acta 1949:249-250)

Besluit: Kyk vir gesamentlike besluit van 14.4, 14.5 en 14.6 onder 14.6.

20.6 BESKRYWINGSPUNT PARTIKULIERE SINODE WES-TRANSVAAL OOR ONRUS IN DIE GKSA (Artt.68, 245, 246)

A. Dr. S.J. van der Walt stel die Beskrywingspunt.
B. **Besluit:** Die Beskrywingspunt word verwys na die Kommissie Kerkregtelik 1.
C. Ds. R.M. van der Merwe stel die Kommissierapport.

D. BESKRYWINGSPUNT

Die Nasionale Sinode 2000 gee op die volgende wyse aandag aan ‘n onrustigheid in die GKSA oor oënskynlik uiteenlopende standpuntstelling en die verskille in toepassing van Sinodebesluite in die plaaslike kerke:

1. ‘n Geleentheid vir ‘n broederlike gesprek tydens die Sinodesitting in die gesindheid van Joh 13:31-35; Jak 3:13-18 en Flp 1:9-11, 27-2:8 te skep.
2. Die uitstuur van ‘n herderlike skrywe aan die kerke wat sy neerslag in die bediening van die Woord sal vind.
3. ‘n Oproep aan al die kerke om verskille oor die interpretasie en toepassing van Skrif, Belydenis en Kerkorde volgens die beproefde kerklike weë te hanteer, waaronder die weg van gesprek volgens Matteus 5:23-24 en Matteus 18:15 e.v. en die weg soos aangedui in Kerkorde, artt. 31, 41, 44, 79, 80 en 84.
4. Kerklike vergaderings word opgeroep om besluite so te formuleer dat dit nie vir misverstand of verskillende interpretasies vatbaar is nie.

Motivering

1. Daar is ‘n onrustigheid in die GKSA oor standpuntstelling, die toepassing van Sinodebesluite, die belewing van die gemeenakkoord in kerkverband en aksentverskille in kerklike bedieningspraktyke soos blyk uit geskrifte, gesprekke en optredes.
2. In KO, artikels 30 en 31 word gereël dat kerklike sake op ‘n kerklike wyse gehanteer moet word. Die kerklike wyse is nie net beperk tot die hou van vergaderings en die hantering van sake deur Rapporte, Beskrywingspunte, Appèlle en Beswaarskrifte nie. Dit sluit ook in dat kerke in vergadering ‘n geleentheid tot ‘n broederlike gesprek kan reël en dat ‘n herderlike skrywe aan Kerke gerig mag word. Die eerste vergadering van kerke in die Nuwe Testament (vgl. Hand 15) het juis die karakter van ‘n broederlike gesprek oor verskille gehad.
3. Die Kerk as liggaam van Christus funksioneer as eenheid waarin verskeidenheid ook tot sy reg moet kom. Dit impliseer dat die eenheid van kerkwees in Jesus Christus gehandhaaf moet word binne die raamwerk van die Gereformeerde Belydenis, Kerkorde, vasgestelde liturgiese beginsels én binne die kenmerkende etos van die GKSA, waardeur kerklike eenheid nie tot ‘n noodwendige enersheid verskraal word nie.
4. Met nugterheid word erken dat verskille nog altyd in die GKSA teenwoordig was en is. Verskille kan ook heilsaam en stimulerend wees indien dit reg gehanteer word. Die probleem is dus dikwels dat ons nie meer met mekaar nie, maar wel oor mekaar praat (vgl. 1 Kor 11:17-19).

Besluit:

4. Bevinding

4.1. Partikuliere Sinode Oos-Transvaal - Gemeenakkoord
Die Beskrywingspunt bly in gebreke om die saak na behore te belig.

4.2. Partikuliere Sinode OVS en Natal - Onderlinge afspraak
Die Beskrywingspunt toon die saak nie duidelik genoeg aan nie.

4.3. Partikuliere Sinode Wes-Transvaal - Onrus
Die Beskrywingspunt toon die saak nie duidelik genoeg aan nie.

4.4. Oor die saak in sy geheel (samevattend)

4.4.1. Die Sinode kan hom nie, soos versoek in die Beskrywingspunte (op kollegialistiese wyse), uitspreek oor kerke wat hulle (ongedokumenteerd) nie aan Sinodebesluite hou nie, in elk geval nie waar sake op ‘n mindere vergadering afgehandel kan word nie. Dit bring die Sinode in die vaarwater van sinodokrasie. Dit sou die Negende gebod in gedrang bring indien die Sinode kerke ongehoor veroordeel. Toesig oor kerke word deur KO, artt. 41 en 44 gereël.

4.4.2. U Kommissie oordeel dat die Sinode oorweging skenk om die saak wat so wyd bekend is, aan te spreek.

Besluit:

1. Partikuliere Sinode Oos-Transvaal - Gemeenakkoord
Daar word nie gevolg gegee aan die Beskrywingspunt in sy huidige vorm nie.
2. Partikuliere Sinode OVS en Natal - Onderlinge afspraak
Daar word nie gevolg gegee aan die Beskrywingspunt in sy huidige vorm nie.

3. Partikuliere Sinode Wes-Transvaal - Onrus
Daar word nie gevolg gegee aan die beskrywingspunt in sy huidige vorm nie.

4. **Oor die saak in sy geheel**
Op die volgende wyse word wel uitvoering gegee aan 1-3: Die Sinode rig staande hierdie vergadering 'n herderlike brief aan die gemeentes. Die volgende dien as riglyne:

4.1 Die verantwoordelikheid om aan die besluite van meerdere vergaderings te hou (KO, art. 31) is geen willekeurige saak nie.

4.2 Ons het te doen met 'n ernstige saak wat die kiem van kerkskeuring daarmee saamdra.

4.3 Die ooreenkoms wat ons kerke met mekaar het, sluit verhoudinge in. Waar verhoudinge so erg versteur word, kan dit neerkom op feitelike verbreking van die ooreenkoms wat kerke met mekaar aangegaan het.

4.4 Daar moet gewaak word teen 'n onverhoorde oordeel van lidmate en kerke teenoor mekaar. Die Skrif en Kerkorde dui die regte weg aan.

5. Die ad hoc-kommissie vir die skrywe van 'n herderlike brief word soos volg saamgestel: di. G.N.V. Botha (s), W. Vogel, dr. S.J. van der Walt, ds. R.M. van der Merwe (skriba) en dr. T. van der Walt (adviseur).

Die Skriba
Gereformeerde Kerk

Na aanleiding van versoeke uit drie Partikuliere Sinodes, het die Nasionale Sinode 2000 besluit om hierdie skrywe aan alle gemeentes in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA) te rig. Hierdie versoeke het gehandel oor 'n onrustigheid wat in ons kerkverband oor die belewing van kerklike eenheid ervaar word.

Die Sinode beskou die onrustigheid in die kerke in 'n baie ernstige lig, aangesien ons kragtens ons geloofsgebondenheid aan die Here geroepe is tot die belewing van ons eenheid in ons Gereformeerde belydenis, liturgiese gebruike en tug.

Voortvloeiend uit ons gemeenskaplike belydenis is die binding aan besluite wat deur 'n meerdere vergadering onder leiding van die Heilige Gees geneem is, geen willekeurige saak nie. Die handhawing van die onderlinge ooreenkoms verseker dat die gesonde funksionering van ons kerke in kerkverband en ook die vertroue tussen gemeentes en lidmate onderling.

Met nugterheid word erken dat verskille nog altyd in die GKSA teenwoordig was en steeds is. Verskille kan heilsaam en stimulerend wees indien dit reg gehanteer word. Om in liefde en waarheid met mekaar te praat, en nie oor mekaar te praat nie, bly die weg wat die Here vir ons in die Skrif aandui (Matt 18). In die Kerkorde (Artikels 30, 31, 41, 44 en 46) word vir ons die weg gewys waarop kerklike sake behoort gehanteer te word.

Die Sinode kan met dankbaarheid teenoor die Here getuig van 'n gesindheid van onderlinge liefde, verdraagsaamheid en begrip vir mekaar gedurende die Sinode. Dit is ons bede dat dieselfde gesindheid ook sal deursuur na gemeentes en lidmate onderling, in navolging van Christus (vgl. Fil 1:9-11 en 1:27 tot 2:8).

Ons groet u in die Naam van onse Here Jesus Christus met die bede dat u ook sy krag, seën en wysheid (Jak 3:13-18) sal ontvang om u roeping met liefde te kan vervul in die tyd waarin ons leef.

Mag u arbeid wees tot uitbreiding van die Koninkryk van God en die verheerliking van sy Naam.

Geteken:
Dr. J.L. Ras (Voorsitter) Dr. T. van der Walt (Ondervoorsitter)
Dr. C.J. Smit (Skriba) Ds. P.J. van der Walt (Hulpskriba)

20.7 BESKRYWINGSPUNT SUIDELIKE PARTIKULIERE SINODE OOR VINNIGER AFHANDELING VAN SAKE EN DIE HANDELINGE VAN DIE NASIONALE SINODE (Artt.59, 148)

A. Ds. C.S. Grobler stel die Beskrywingspunt.
B. **Besluit:** Die Beskrywingspunt word verwys na die Kommissie vir Publikasies.
C. Dr. J. le Roux stel die Kommissierapport.

D. BESKRYWINGSPUNT
Die Nasionale Sinode word versoek om sy werkswyse en opdragte aan Deputate sodanig te wysig en aan te pas sodat sake op die Agenda baie vinniger afgehandel kan word en die Handelinge van die Sinode so gou moontlik daarna by die gemeentes beskikbaar is. Deur sy werkswyse te wysig kan die Sinode pro-aktiewe, dinamiese en rigtinggewende leiding betyds aan lidmate en kerkrade gee.

Dit beteken dat hierdie Beskrywingspunt die volgende veranderings voorstel oor:

1. Die werkswyse en opdragte aan Deputate
1.1 Elke Sinode benoem Deputate wat sekere kategorieë van sake moet hanteer. Een so 'n Deputategroep kan 'n oorhoofse skakelfunksie tussen die verskillende Deputategroepe bevorder, wat die sake wat aan die Sinode gerig is, kanaliseer na die regte Deputategroep, en vordering monitor.
1.2 Die oorhoofse Deputate verwys 'n saak na 'n Deputategroep wat 'n spesifieke onderwerp moet hanteer. Laasgenoemde beoordeel die ontvanklikheid van die betrokke saak, bestudeer dit en berei 'n aanbeveling aan die volgende Sinode voor. Die Deputate kan gedurende die behandeling van sekere sake selfs navraag doen by die betrokke Part. Sinode, Klassis of Kerkraad indien punte wat onduidelik is of tegnies nie heeltemal korrek is nie, op te klaar en/of reg te stel. Die voorkom vertragings van sake.
1.3 Sodoende kan 'n gemotiveerde verslag en aanbeveling betyds by die volgende Sinode beskikbaar wees sodat die onderwerp dan by die betrokke Sinode afgehandel kan word Dit voorkom dat belangrike en dringende sake vertraag word ter wille van verdere studie gedurende of na die Sinode.
1.4 Die keerdatum vir die voorlegging van sake aan so 'n Deputategroep behoort vroeg genoeg te wees en sake vanaf Klassisse kan parallel met die behandeling daarvan deur Part. Sinodes deur sulke Deputate bestudeer word - selfs nog voordat dit deur die Part. Sinode behandel is.
1.5 Die effek hiervan is dat die meeste studie en aanbevelings voor die Sinodesitting deur Deputate bestudeer en verwerk is en dat goeddeurdagte sake aan alle Sinodegangers beskikbaar gestel kan word. Dit behoort baie meer effektiewe bespreking deur die Sinodegangers en vinniger afhandeling van sake tot gevolg te hê.
1.6 Hierdeur kan die Sinode pro-aktiewe dinamiese en rigtinggewende leiding oor sake gegee en nie reaktief of by nabaat sake bestuur nie.

2. Die vinniger samestelling van die Handelinge van die Sinode
2.1 Moderne informasie-tegnologiese hulpmiddels kan effektief ingespan word om besluite/besprekingspunte te dokumenteer, bv. elektroniese witborde en intydse rekenaarmatige notulering waar die bladnotule dan onmiddelik deur alle werksgroepe benut kan word vir verslae al is dit nog nie in die finale tipografiese verslagformaat nie. Daar kan betyds deur die Deputate Programmering vir Sinode 2000 iemand gevind word wat aan hierdie saak uitvoering kan gee.

2.2 In so ‘n geval asook met items wat vooraf deur Deputate gehanteer en gedokumenteer is, kan die opstel van die Handelinge bespoedig word en selfs binne enkele weke, afgehandel word vir deursending na gemeentes.

Motivering

1. Tans word sake aan die Sinode voorgelê, wat dan Kommissies benoem om die Sinode gedurende sy duur van advies te bedien, waarna die Sinode dan ‘n besluit neem, of die item vir verdere studie verwys.
2. Dit het op die vorige Sinode byvoorbeeld gebeur dat ‘n Beswaarskrif vir verdere studie na Deputate verwys is om die volgende Sinode van advies te voorsien oor die aanvaarbaarheid van die Beswaarskrif, dus ‘n 3 jaar vertraging voordat Studiedeputate moontlik aangewys sal word om die onderwerp weer te bestudeer. Kosbare tyd gaan hierdeur verlore omdat die Sinode nie ‘n duidelike riglyn oor die saak gegee het nie.
3. Hierdie proses kan soms jare duur en volgens moderne maatstawwe waar mense gewoond is dat kommunikasie vinnig geskied, is hierdie vertraging in die besluitnemingsproses vir ‘n groot aantal Gereformeerdes net nie meer aanvaarbaar en ook nie verantwoordbaar nie. Hierdie soort vertragings het ‘n baie negatiewe effek op gemeentebou omdat die lewe voortgaan en probleme nie stilstaan en wag dat die tyd verbygaan nie. Lidmate en gemeentes neem nie meer genoeë met hierdie langdurige prosesse en besluiteloosheid nie, en die gevaar is daar dat as gevolg daarvan gemeentes op verskillende wyses Sinodebesluite vooruit mag loop en besluite wat verwag is, reeds begin toepas, bv Nagmaalsgebruik.
4. Baie van die werk (soos hierbo genoem) word tans tydens Sinodes in ‘n baie kort tyd gedoen. Die huidige praktyk gee aanleiding tot oorhaastige werk en besluite aan die einde van die Sinode.
5. Na die Sinode van 1997 was die Handelinge van die Sinode teen die middel van Augustus nog steeds nie by die gemeentes beskikbaar nie. Rapporte wat kort na die Sinode versprei sou word (bv. oor die liturgie), was ook nog nie beskikbaar nie. Sommige Klassisvergaderings was reeds gereël, maar die gebrek aan die Handelinge van die Sinode bemoeilik ook die sake wat deur Kerkrade en Klassisse gehanteer en opgevolg moet word. ‘n Vertraging in die samestelling van die Handelinge verhoog nie slegs die onsekerheid in gemeentes nie, maar gee aanleiding tot onnodige diskussies/bespiegelinge/vertragings in die uitvoer van Sinodebesluite.
6. Bogenoemde aspekte is nie bevredigend en ook nie bevorderlik vir die samewerking en samehorigheid in Gereformeerde geledere nie Dit is uiters noodsaaklik dat Sinodebesluite baie vinniger geneem en deurgevoer moet word en vertragings moet uitgeskakel word om frustrasie by gemeentes en lidmate te voorkom.

Besluit: Aan die Beskrywingspunt word nie gevolg gegee nie.

Beredenering:

1. Die Beskrywingspunt wil dat wat tans deur Kommissies tydens die sitting van die Sinode gedoen word, reeds vooraf gedoen word om besluitneming te bespoedig.
2. Die voorgestelde werkswyse kan egter nie die toets van KO, art. 49 deurstaan nie. Die artikel bepaal ‘n welomskrewe opdrag vir Deputate, terwyl die voorgestelde werkswyse ‘n oop opdrag veronderstel.
3. Ontvanklikheid van dokumenete word kragtens KO, art. 30 deur die Sinode bepaal deur die aanvaarding van die Rapport van die Deputate vir Korrespondensie en in die geval van Appèlle en Beswaarskrifte ná daar deur die Sinode oor die Rapport van die Regsdeputate geoordeel is. Die voorgestelde werkswyse in die Beskrywingspunt is hiermee in stryd.
4. Die sekondêre saak van die spoedige uitgee van die Handelinge is belangrik. Die voorgestelde werkswyse (primêre saak) wat nie die toets van die Kerkorde kan deurstaan nie, kan daarom ook nie voortvloei in die sekodêre saak nie.

Bevinding:

Die primêre saak wat in die Beskrywingspunt gestel word, kan nie die toets van KO, artt. 30 en 49 deurstaan nie. Die sekondêre saak wat uit die primêre saak voortvloei kan gevolglik nie op die voorgestelde wyse realiseer nie.

20.8 ADVIESVRAAG VAN SUIDELIKE PARTIKULIERE SINODE – IS DIT GEREGVERDIG DAT GEMEENTESTIGTING VERTRAAG OF VERHINDER WORD BLOOT OMDAT DIE NODIGE GAWES DAARTOE SLEGS BY VROUE GEVIND KAN WORD? (Artt.90, 247)

A. Dr. A.N. Helberg stel die Adviesvraag.
B. **Besluit:** Die adviesvraag word verwys na Kommissie Kerkregtelik 1.
C. Ds. R.M. van der Merwe stel die Kommissierapport.

D. ADVIESVRAAG

Die Nasionale Sinode word gevra om advies oor die volgende vraag

Is dit geregverdig dat gemeentestigting vertraag of verhinder word bloot omdat die nodige ampsgawes daartoe slegs by vroue gevind kan word?

Motivering

1. Die stigting van 'n gemeente te Philipvale word vertraag deur die feit dat daar nie geskikte manslidmate is wat in bogenoemde ampte kan dien nie. Daar is wél geskikte vrouelidmate wat in dié ampte kan dien. Moet gemeentestigting onbeperk vertraag word totdat daar geskikte manslidmate is? Word die koninkryk van die Here nie beter gedien om tot gemeentestigting met vroue as ampsdraers oor te gaan nie?
2. Die Suidelike Partikuliere Sinode sou in die lig van voorafgaande graag wou aanbeveel dat daar tot gemeentestigting oorgegaan kan word, maar word deur die besluite van die Nasionale Sinode (Acta 1988:507-523) en Nasionale Sinode (Acta 1994:467-498) verhinder, omdat genoemde besluite amptelike dienswerk tot manslidmate beperk.

Besluit: Die Sinode gee die volgende advies:

1. Gemeentestigting moet met advies van die Klassis geskied (vgl. KO, artt.37, 38, 39 en 41).
2. Die adviesvraag van Suidelike Part. Sinode moet binne die raamwerk van huidige GKSA-besluite beoodeel word. Die adviesvraag versoek dat vroue in die amp mag dien, in stryd met besluite in o.a. Acta 1988 en 1994 oor die vrou in die amp.
3. Wanneer daar nie bevoegde broeders met ampsgawes teenwoordig is nie, kan daar nie tot kerkstigting oorgegaan word nie. Kerkorde, artikel 39 reël ook 'n ordelike weg om verspreidwonendes te bedien.

20.9 BESKRYWINGSPUNT VAN PARTIKULIERE SINODE OVS EN NATAL : KRITIEK TEEN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN DIE OPENBARE PERS (Artt.108, 248)

A. Ds. F.W. de Wet stel die Beskrywingspunt.
B. **Besluit:** Die Beskrywingspunt word verwys na die Kommissie Kerkregtelike 1.
C. Ds. R.M. van der Merwe stel die Kommissierapport.

D. BESKRYWINGSPUNT

Lidmate van die GKSA word opgeskerp om kritiek teen die GKSA of debat oor kerklik huishoudelike take nie in die openbaar, veral in die openbare pers, te voer nie, maar die kerklike ordelike weg te volg.

Motivering

In die onlangse verlede is daar by verskeie geleenthede by wyse van berigte en korrespondensie (briewekolomme) in die openbare pers fel kritiek teen die GKSA gerig. Van 'n diagnose oor die "terminale siekte" van die GKSA tot professore van die TSP wat mekaar in die openbaar repudieer, het groot opslae veroorsaak.

Die manier waarop hierdie debatvoering in die pers plaasgevind het, het na die oordeel van die Part. Sinode nie tot bevordering van die Kerk van die Here gelei nie en het trouens groot skade aangerig. Dit het tot skade aanleiding gegee, nie alleen omdat mense deur eensydige kritiek (waarvan die volle waarheid nie aan die lig kom nie) 'n valse beeld van die kerk kry nie, maar ook omdat dit tot onrus in die kerke kan lei en die indruk van onenigheid kan skep.

In die lig van hierdie situasie wat sekerlik vir ons almal kommerwekkend en bedroewend is, vra ons die Sinode om ernstig oorweging aan die volgende te gee en volgens goeddunke van die vergadering te handel:

1. Predikante en lidmate van ons kerke behoort daarop gewys te word dat ons 'n besondere verantwoordelikheid het in die manier hoe ons omgaan. Daar moet altyd in gedagte gehou word dat ons met die kerk van die Here te doen het. Wanneer ons vervul word met 'n bewoënheid oor die tekens van onvolwassenheid en verval in ons midde, behoort ons uit liefde vir die liggaam van die Here op 'n kerklike wyse aandag aan hierdie probleem te gee.
2. Ons almal moet ons daaroor verantwoord of twisgesprekke in die openbare pers (wat hom ideaal daartoe kan leen om ter wille van sensasie 'n eensydige beeld van die kerk te skep) ter bevordering van die kerke van die Here dien. Sou iemand wat die Here en sy kerk liefhet in die openbaar vir ander die klippe aangee waarmee daar na die kerk gegooi kan word? Sou 'n kerklike wyse nie behels dat wanneer iemand gevaartekens van die verval in die kerke sien, dit onder die naburige kerke se aandag gebring word nie? In die openbare pers word beslis nie ruimte gegee waar sake op 'n kerklike wyse (Skrifondersoek, bekering, versoening, ens.) opgelos word nie.
3. Dit sou sekerlik ook nodig wees dat ons in hierdie tyd opnuut die bande wat ons tot so 'n besondere eenheid in die Here saambind, ondersoek en dit opnuut versterk. Deur erns te maak met die Woord van die Here en dit opnuut in Christus uit te lewe, kan daar 'n helder lig in ons midde skyn en kan die monde van kritici gesnoer word.

Besluit: Daar word nie gevolg gegee aan die Beskrywingspunt nie.

Beredenering

1. Die enigste werklike toesig oor lidmate hoort by die plaaslike Kerkraad (en die Kuratore, in die geval van professore). Hierdie toesig kan nie aan die Sinode oorgedra word nie. Hierdie saak behoort by die regte vergadering aanhangig gemaak te word (KO, art. 31).
2. Kragtens KO, art. 31 mag die Sinode nie handel oor 'n saak wat reeds afgehandel is nie. Dan sou die Sinode hom uitspreek oor die dienswerk wat aan ander opgedra is (KO, artt. 79, 80 en 86). So 'n besluit sou sinodokraties wees.

Bevinding

Dit hoort nie op die Agenda van hierdie vergadering om lidmate en kerke op te skerp oor kritiek teen die kerk, soos in die Beskrywingspunt versoek nie (KO, art. 31).